

FamilieTuisblad

9 - 15 Junie 2019



in samewerking
met *nous.org.za*

Handelinge 2:17

“Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.”

**fokus
vers**

TEMA
van die week

Die Gees laat ons droom.

So: Handelinge 2: 1-21
Ma - Di: Psalm 104: 24-34, 35b
Wo - Do: Romeine 8: 14-17
Vr - Sa: Genesis 11: 1-9

**BYBEL
tyd**

Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie vir die kos wat ons saam kan geniet. Amen.

**BID
tyd**

Oorgee-gebed

Laat my lewe vertel dat u Gees in my leef. Amen.

Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag jy vandag God se droom vir die wêreld raaksien. Amen.

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

Oopskop vraag: Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

Raakvat vra:

- ✦ Het jy al ooit jou eie taal op 'n plek gehoor waar jy dit nie verwag het nie? Hoe het dit gevoel?
- ✦ Om watter rede sou mense in hulle eie tale die apostels moes hoor praat? Hoeveel nasionaliteite was teenwoordig? (vers 9-11)
- ✦ Lees Joël 2: 28-32. Op grond waarvan het die apostels besluit dat hierdie verse in vervulling gegaan het?
- ✦ Wat beteken dit vir ons om gesigte te sien en drome te droom? Is dit net vir buitengewone gelowiges, of gee die Gees aan ons almal 'n prentjie van die toekoms in God se nuwe wêreld? Wat vra dit nou van ons?

**GESELS
tyd**

Ons gesels saam oor
ons lewe en geloof

**LEEF
tyd**

Ons leef ons geloof
heelweek uit

Neem berigte uit koerante en skryf of teken by elke berig wat God se droom vir hierdie nuusbrokkie sou kon wees of watter verandering hy daarin kan bring. Om die oefening meer prakties te maak, is dit dalk beter om self berigte te skryf oor wat in Rustenburg gebeur. Dalk ontdek julle 'n storie waarby die gemeente betrokke kan raak.

**DOEN
tyd**

Ons oefen ons
geloof op 'n
praktiese manier

Indien julle 'n beriggie of storie in die plaaslike koerant ontdek het wat julle geraak het, kan julle besluit watter daad julle kan doen om die uiteinde van die storie te verander.

Gebruik een ete van elke dag om in 'n ander taal te gesels (bv. Engels) – al doen julle dit net vir 5 minute per keer. Let op wat gebeur sodra julle daarna verder in julle eie taal gesels.

**SPEEL
tyd**

Ons spandeer
kwaliteit-tyd